Tema: Vertrou en geniet in Christus God se goeie bestuur van jou lewe, jou tye en seisoene.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 594: 1, 2, 3
Lied 571: 1, 3, 4
Lied 464: 1, 2, 4

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 31-2: 6, 7
Votum
Seën
Loflied Ps. 8-1: 1, 3, 7, 9
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor God Wet
Eksodus 20
Sing Ps. 90-1: 1, 2, 7, 9 (tweede mel)
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Prediker 3: 1 - 15; Teksverse: Prediker 3: 1, 9 - 14
Sing Ps. 39-1: 3, 4, 7
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Liefdegawe
Sing Ps. 104-1: 1, 12, 19, 20, 21
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Hierdie tyd teen die einde van die jaar is gewoonlik ŉ tyd van evaluering van en terugkyk op alles wat die afgelope jaar in ons lewe gebeur het. En soos die prediker dit in ons tekshoofstuk opsom was daar ook hierdie jaar ŉ tyd en seisoen van baie dinge in ons lewe.

Babas is gebore en mense het gesterf. Daar was tye van vreugde en tye om te huil. Sommige dinge het ons gebou en ander het ons afgebreek. Baie het iets bymekaar gemaak en ander het weer iets moes weggooi. Ons het gekoop en verkoop! Besigheid gedoen! Daar was tye van lag en uitbundige blydskap en tye van stil wees en nadink. Daar was oorlog en daar was vrede! Ja, wat het die Here nie alles hierdie jaar oor ons pad gebring nie!

En saam met die Prediker in vers 9 vra jy dalk ook: wat kry ek dan nou vir al die dinge wat met my gebeur het? Wat is die loon op al my moeite, my swaarkry en my werk? Watter sin en betekenis lê daar in alles wat die jaar gebeur het?
Is dit dan nou maar net dat ek ŉ bonustjek kan kry en bietjie vakansie kan hou? Is dit die sin van alles? En dan antwoord die Prediker: Nee! Hier is niks op aarde in wat jy die afgelope kon doen, beleef of bereik het wat betekenis aan jou lewe kan gee nie!

Nou waarom het die Here al hierdie dinge laat gebeur? Wat is die sin en betekenis van 2019 en van alles met my gebeur het.
Brs en srs, kom ons dink vanmore saam met die Prediker oor die dinge en leer by hom wat God se antwoord op hierdie waarom-vraag is? Watter sin en betekenis gee God aan my lewe!

Die eerste antwoord wat die Prediker ontdek is dat God alles in my lewe volgens Sy goeie beplanning laat gebeur. Ja, God stel ŉ tyd en ŉ seisoen vir alle dinge in my lewe vas! Dit gebeur nie sommer maar net nie! Die prediker gebruik in vers 1 twee Hebreeuse woorde wat in Afrikaans met “tyd” vertaal word. Die ouer vertaling gee die betekenis van die twee woorde so weer: “alles het ŉ bepaalde uur en vir elke saak onder die hemel is daar ŉ tyd”.

Die eerste woord dui op ŉ vaste en bepaalde oomblik dat iets met my gebeur en die tweede woord dui op ŉ tydsduur van ŉ bepaalde saak in my lewe. Ons kan die tweede woord vir tyd ook met “seisoen” vertaal. Ons kan dus sê: God stel vir elke saak in my lewe ŉ bepaalde oomblik vas dat dit gebeur en dit duur vir ŉ vasgestelde tyd of seisoen in my lewe. Dit is belangrik om te weet dat vanaf vers 2 gebruik die Prediker deurgaans die woord “seisoen”. ŉ Seisoen van lag en ŉ seisoen van huil ens.

Met ander woorde geliefdes, ons as mense is nie maar net vasgevang in tyd en in ŉ vaste orde van die lewe en die opeenvolgende verloop van gebeure nie. Ons is nie slagoffers van die sg. “circle of life” nie! Dis nie maar net dat dinge gebeur en oor my spoel nie! Nee, my Vader in die hemel is in beheer en Hy bepaal die tyd en tydsduur van elke saak in my lewe!
In vers 11 stel die Prediker dit mooi: God het alles mooi op tyd in my lewe maak pas! Elke ding wat met my gebeur pas presies op God se tyd daarvoor – sy tyd vir my lewe! Hy weet presies wat moet wanneer met my gebeur sodat dit in sy planne vir my lewe kan pas!

Goeie dinge en slegte dinge! Die Prediker gebruik 14 stelle van kontraste van die lewe om die werklikheid van ons lewe te beskryf! Daar het in 2019 goeie dinge met ons gebeur maar ook slegte dinge! En die punt van die Prediker is nie om te sê dat God die oorsaak van die slegte dinge in my lewe is nie! Sy punt is: God is in beheer van alles wat in my lewe gebeur!

Brs en srs, met hierdie vaste wete wil die Here ons bring om Hom te vertrou met ons lewe! Dat ons sal weet alles wat met my gebeur het in 2019 is presies so deur God beplan. God bestuur die goeie en die slegte dinge in my lewe tot my beswil! Al verstaan ek nie alles nie! Al maak alles nie vir my nou sin nie, ek moet vertrou dat God die plan en die pad van my lewe ken en dat elke dinge wat gebeur nodig en goed en reg was!

Bely ons dan nie in die Heidelbergse Kategismus Sondag 10 oor hierdie voorsienigheid van God nie? Dat Hy oor alles regeer en dat ons in teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees nie!

Br en sr, natuurlik kan ons nie ten volle verstaan waarom God sekere dinge in my lewe laat gebeur nie! Die Prediker sê dit in vers 11 en 14! Ons as mense kan nie alles ten volle verstaan nie en dis nie in ons hande om dinge by te voeg of weg te neem nie! Maar ons kan en moet God se tye, seisoene en gebeure met my lewe vertrou! Hy is God, Hy is my Vader, Hy weet die beste – ook as ek moes seerkry! God het ’n plan met die seerkry en swaarkry van my 2019 – net soos met die lekker en die goeie tye van 2019! Dis alles deel van sy pad met my! En Hy wil dat ek Hom daarmee sal vertrou!

Die tweede antwoord waarby die Prediker in sy nadenke kon is dat God kan vertrou! Dis nie net dat ons Hom moet vertrou nie! Ons kan Hom vertrou! God is betroubaar! Hoekom? Kyk saam met my na vers 11! Daar staan: God het aan die mens die besef van die onbepaalde tyd in sy hart gegee! Wat beteken dit?

Geliefde br. en sr, hierdie is ’n ongelooflike diep openbaring van God se genade aan ons as mense! God wat bo die tyd en ewigheid staan en wat in beheer is van alles in my lewe, wil my laat deel in die sin en betekenis daarvan. Dis asof God vir ons in die tyd en ewigheid wil laat insien sodat ons kan weet daar is sin en betekenis aan my lewe!

Hy het aan ons as mense die vermoë gegee om te kan nadink oor alles wat gebeur! Om die gebeurtenisse in my lewe saam te vat, die geskiedenis van 2019 in oënskou te neem en te vra: wat beteken dit alles? Ons is nie maar net diere wat wakker word, eet en werk en slaap en weer op staan en alles gebeur met ons nie! Nee, God in sy genade gee aan ons die besef dat daar meer is as net die opeenvolging van gebeure in my lewe! God gee in my die behoefte aan ewigheidsbetekenis!

Dat ek en jy kan weet daar is iets meer! Hierdie wete, geliefdes, is ’n gawe van God aan my en jou! Hy gee dit in ons harte – want Hy wil ons die sin en betekenis van die lewe laat

verstaan! Dis die grootste geskenk wat God aan die mens kan gee! Dat ek en jy iets kan verstaan van die betekenis van my lewe!

Brs en srs, ons het hierdie gawe van die “onbepaalde tyd” nodig want die Prediker sê daar is niks hier op aarde wat jou behoefte aan sin en betekenis kan bevredig nie! Wanneer ŉ mens die hele boek Prediker lees is dit juis die boodskap: Sonder God is alles hier op aarde tevergeefs! Daar is niks hier op aarde wat jou behoefte aan betekenis bevredig nie! Nie al die suksesse wat jy in jou lewe kan bereik nie! Nie roem of eer of ongelooflike prestasies of hoogste posisies wat jy kan bereik nie!

Ook nie materiële dinge nie – nie al die geld in die wêreld nie! Nie mooi paleise om in te bly of luukse karre om mee te ry nie! Ook nie al die wonderlike ervarings wat jy in hierdie wêreld kan beleef van mense of natuur of al die wonderlike dinge wat God in hierdie wêreld gegee het nie! Niks hiervan maak die gat in jou hart vol nie! Niks hiervan gee vir jou ewigheidsbetekenis nie!

Geliefdes, die enigste betekenis lê buite jouself in dit wat God aan jou geskenk het: ŉ begrip van “die onbepaalde tyd” wat God in jou hart gelê het. Waarmee vul jy daardie “behoefte aan ewigheidsbetekenis”? Wat maak dat jy alles wat God met jou laat gebeur het, elke saak, tyd en seisoen sinvol kan waardeer en geniet?

Alleen Iemand wat God van buite ons tyd en ruimte gegee het, sodat ons hierdie behoefte aan ewigheidswaarde kan bevredig! Alleen die Gawe wat God in die volheid van die tyd aan die mensdom geskenk het: Jesus Christus! Hy wat van buite ons tyd af – ja, van die ewigheid af – in ons tyd en wêreld gekom het! Hy alleen bevredig jou behoefte aan betekenis en sin van jou lewe.

God het Jesus ook presies op die regte tyd gestuur! Ons lees in Galasiërs 4: 4 “Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur.” God se tyd om van bo die tyd en ewigheid sy Seun aan hierdie wêreld te gee sodat ons in en deur geloof in Hom iets kan verstaan van God se liefde vir ons! Van God se genade aan ons! Van God se plan met ons lewe!

Ja, Christus kom gee betekenis aan ons lewe as Hy vir ons God se liefde kom wys. Hy kom openbaar God se plan met ons lewe! Dat God afreken met ons sonde en met ons genade kom gee binne die moeite en verdriet van ŉ wêreld vasgevang in sonde, waar daar slegte dinge met mense gebeur! Dat ons kan weet: al die slegte dinge wat in 2019 met my gebeur het, was nie God se straf op my sonde nie, maar God se oefenkamp vir my geloof in Christus! Dat ek net stywer en stywer aan die genade in Christus sal vashou!

Ja, Christus staan op uit die dood om die nuwe lewe vir ons hier op aarde te laat deurbreek sodat ons ook die vreugde en blydskap van die ware lewe nou reeds kan geniet!

Dat ek met ongelooflike dankbaarheid God se gawe van die lewe kan geniet! Dit waartoe die Prediker ons ook oproep! Dat ek in Christus kan sien dat God ook die goeie dinge van die lewe aan my in genade skenk sodat ek dit as sy kind kan geniet!

Kyk nou hoe kry vers 12 en 13 nuwe betekenis kry as ek vanuit God se genade in Christus dit lees: [12]Ek het tot die insig gekom dat daar vir ’n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet. [13]Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is ’n gawe van God.”. Die kruis op Golgota en die leë graf in Getsemané is God se bewys dat Hy betroubaar is! Dat dit wat Hy aan die mens gegee het: die behoefte aan ewigheidswaarde – dit het God in Christus kom vol maak! En nou kan ek en jy met vreugde daarmee lewe – al moet ons ook swaarkry!

Dis waarom Jesus die Heilige Gees by ons laat bly het! Hy skenk aan ons die genade om met vreugde en blydskap te kan leef! Dis mos die gawes van die Gees! In tye van swaarkry is Hy ons Trooster! Hy herinner ons aan alles wat God in Christus vir ons gegee het en Hy maak dit met geloof styf vas in ons hart sodat niks ons ook weer van God kan losskeur nie!

Br en sr, In en deur Jesus Christus kry elke saak, elke oomblik in tyd en elke seisoen van jou lewe ware betekenis en kan jy dit geniet en waardeer.

Dit is die derde antwoord waartoe die Prediker kom!
Natuurlik het die Prediker Christus nog nie gesien nie! Maar Hy gryp in vers 14 vas aan God – om in Hom te glo! Ek en jy geniet die volheid van die tyd! Vir ons is niks tevergeefs nie – want ons ken Christus en ons glo in Hom! Hy maak ons hart vol van ewigheidsbetekenis!

Daarom kan die Here vanmore vir ons sê en die samevatting van die boodskap vanmore:
Vertrou en geniet in Christus God se goeie bestuur van jou lewe, tye en seisoene!
Dis wat God vanmore vir jou en my wou sê wanneer ons nadink oor 2019! Vertrou die Here en geniet wat Hy jou gee!

En geliefdes, weet julle wat is so wonderlik van hierdie boodskap? Waarom ons 2019 met dankbare harte kan leef en kan geniet wat God ons gee! Want God se tyd is nog nie klaar nie! God wil nog vir ons meer gee as wat ons reeds ontvang het!
Hierdie gawe wat God vir ons gegee het naamlik : ’n “besef van die onbepaalde tyd”, dit roep om volgemaak te word! Dit roep om volle verstaan en volle begrip van God se plan met ons!

En Christus het vir ons kom sê: dis nog nie verby nie! Hy kom terug! Die tyd moet nog finaal uitloop! God se tyd en God se seisoen vir hierdie wêreld moet nog tot ’n einde gebring word! Die Here Jesus sal terugkom om hierdie tyd en seisoen van sonde en gebrokenheid finaal te kom beëindig, die Satan finaal te oorwin en ’n einde te maak aan seerkry en swaarkry!

Dan breek vir ons die laaste tyd en seisoen aan: die ewige lewe saam met God waar ons net vreugde, blydskap en goeie dinge sal beleef! Waar ons self voor God kan wees en waar al ons vrae en wonder beantwoord sal word – want dan sal ons God ten volle sien en verstaan!

Daarom kan 2020 maar aanbreek met alles wat dit ook vir ons sal inhou! Want ons kan verby dit alles kyk! Ons kan God se bestuur van ons lewe vertrou en ons kan deur geloof in Christus alles geniet wat God ons gee! Christus is die sin en betekenis van ons bestaan!

Amen